191. T.S (92)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Verw./Ref. No.............................

NASIONALE ONDERWYSRAAD
NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme / Telegrams "Adviesraad"
Telefoon / Telephone 3-3114 3-3117

Privaatsak / Private Bag 298,
PRETORIA.

# OOR HISTORIESE ORIËNTERING

Deur Prof. H.B. Thom

Rede ter geleentheid van die Jaarvergadering van die Transvaalse Afdeling van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, Vereeniging, 14 September 1973, 8 nm.

Veertig jaar gelede het een van my ou leermeesters, wyle prof. S.F.N. Gie, in sy geskiedenis-leerboekie, getiteld Van Ou Volke en Lande, vir kinders van die laer skool o.a. soos volg geskryf:

> „'n Tyd gelede het ek in 'n koerant van 'n man gelees wat in 'n motorongeluk was. Hy het op sy kop uitgeval en is bewusteloos na sy huis geneem. Toe hy daar weer bykom, was sy geheue totaal weg. Hy was heeltemal gesond en by sy verstand en kon praat, lees en skrywe, maar van sy lewe vóór die ongeluk het hy niks onthou nie. Hy het selfs sy eie vrou en kinders nie geken nie .......
>
> Die man loop in sy huis rond, maar hy weet nie dat dit syne is nie en nog minder hoe en wanneer hy dit gekry het. Hy gaan op straat en sien daar baie mense. Party groet hom. Ander loop sommer verby. Hulle is almal vir hom vreemdelinge ...... Die man voel so verward en ongelukkig ....... Hy is elke keer in die moeilikheid, omdat sy geheue te kort is en hy van wat verby is geen kennis het nie."

Dit is 'n treffende beeld; prof. Gie wou hiermee vir ons jong kinders sê: Net só is dit met die man wat niks van die Geskiedenis, veral sy vaderlandse geskiedenis, weet nie: as lid van sy gemeenskap en van sy volk sal

2/...........

hy sy plek nie maklik kan vind, en sy bydrae nie maklik kan lewer nie, hetsy tot die kleiner geheel van sy gemeenskap, hetsy tot die groter geheel van sy volk.

'n Ander ou leermeester van my, iemand aan wie ek in my geskiedenisstudie oneindig veel te danke het, wyle prof. W. Blommaert, het hom by geleentheid tot ons meer gevorderde jongmense gerig, tot ons as universiteitstudente, en met treffende helderheid oor sekere groot vraagstukke uit die geskiedenis van ons volk uitgewei. Toe besprekingstyd in die lesuur aanbreek, het 'n vriend langs my aan die professor gesê: „Professor, as ons hierdie dinge nie weet nie, sal ons baie van ons vraagstukke vandag nie met welslae kan aanpak nie". Die professor het saaklik geantwoord: „Ja, u het gelyk, maar die saak is nog veel groter: As u nie weet waar u vandaan kom nie, sal u nie weet waar u heen gaan nie".

Prof. Blommaert wou met hierdie woorde per slot van rekening presies dieselfde sê as wat sy vriend en kollega, prof. Gie, gesê het, t.w. dat as ons die pad van die verlede nie ken nie, ons die pad vir die toekoms nie maklik sal kan vind nie.

Hieruit sal ons verstaan wat ek bedoel as ek praat van „historiese oriëntering". Maar nog eers net dit: Oriëntering is vir elkeen van ons elke dag nodig; en hoe belangriker dit wat ons doen, hoe noodsaakliker is suiwere oriëntering. Daar is vandag in ons komplekse alledaagse lewe, met sy verskeidenheid van vraagstukke, vrywel niks wat heeltemal geïsoleerd staan nie. In ons gedagtewêreld spruit een gedagte voort uit 'n ander of 'n paar ander tegelyk; en een gedagte word voortdurend beïnvloed deur 'n ander, of 'n paar ander tegelyk. Soms gaan dit om oriëntering op 'n horinsontale grondslag, t.w. wanneer naas mekaar staande feite en omstandighede in oënskou geneem moet word; soms gaan dit om oriëntering op 'n vertikale grondslag, t.w. wanneer kronologies op mekaar volgende gebeures oorskou moet word; en soms gaan dit om horisontale en vertikale oriëntering tegelyk. Ek dink stellig dat dit in die reël om albei tegelyk gaan, want as 'n mens in 'n sekere

situasie voor 'n moeilike besluit te staan kom, moet jy, d.w.s. as dit jou werklik erns is, sorgvuldig oorweeg nie net die omstandighede waarin jy jou wesenlik bevind nie, maar ook die verloop van sake tot waar jy jou bevind. En slegs wanneer jy dit met omsigtigheid en erns doen, kan jy hoop om 'n besluit te neem wat die verwagte vrugte sal dra.

Ons vind egter dat by alle oriëntering die oriëntering op vertikale grondslag van primêre belang is. Want alles wat daar in ons oriëntering op horisontale grondslag lê, d.w.s. al die feite en omstandighede wat bestaan, het gedurende 'n tydsverloop tot stand gekom; en dit is die relevante verskynsels van hierdie tydsverloop wat ons moet verstaan. Slegs dan kan ons 'n behoorlike opname maak van die situasie waarin ons verkeer, om besluite te neem en optrede van stapel te stuur wat insig en begrip sal toon.

Kom ons meer bepaald by historiese oriëntering, dan het ons veral met oriëntering op vertikale grondslag te doen. Enige mens in 'n verantwoordelike posisie moet, wanneer hy 'n belangrike besluit oor 'n groot saak neem, vir hom afvra: Wat het vooraf gegaan? Welke faktore het 'n rol gespeel om 'n bepaalde verskynsel, sy dit geestelik of fisies van aard, sy vorm te laat kry? Sulke faktore mag ver terug lê, of hulle mag resent wees, maar die vraag wat oorweeg moet word, is: Wat is die relatiewe betekenis van elkeen van dié faktore in die lig van die resultaat wat beoog word? Ek kan my nie voorstel dat iemand in 'n verantwoordelike posisie besluite sal neem sonder om hierdie vrae te stel nie. As hy dié vrae nie stel nie, is hy soos prof. Gie se man wat aan geheueverlies ly, of prof. Blommaert se man wat nie weet waar hy vandaan kom nie; en hy sal ewe verward en verlore wees.

Dit bring my tot die gevolgtrekking dat historiese oriëntering veral vir manne en vroue wat in leidende posisies staan, gebiedend noodsaaklik is. Of dit op die gebied van die politiek of staatkunde is, of die gebied van

4/...........

die kerk, die onderwys, die ekonomiese lewe, die sosiale lewe, of watter gebied ook al, eerlike, indringende historiese oriëntering is onontbeerlik indien besluite geneem of 'n beleid gevolg moet word, wat werklik in belang van 'n land en sy mense sal wees. En hierdie gevolgtrekking geld oral: of ons in Europa is, of in Amerika, in Rusland, in China, in Australië, of in Suid-Afrika, oral is dit dieselfde.

Nou moet ons waak teen 'n simplistiese beskouing wat soms in verband hiermee gehuldig word. Ons hoor dikwels die uitdrukking Die Geskiedenis herhaal homself; en dit is seker waar dat daar situasies en gebeurtenisse in die Geskiedenis voorkom wat oënskynlik baie eenders lyk. In aansluiting hierby moet ons op 'n ander bekende uitdrukking let, nl. Die Geskiedenis is die leermeesteres van die lewe; en ook hierin steek daar seker 'n mate van waarheid, want as 'n mens die Geskiedenis noukeurig bestudeer, sal jy baie lesse vir die lewe daarin kan kry. Maar as 'n mens hierdie twee uitdrukkinge ongekwalifiseerd aanvaar, m.a.w. as jy dink dat die Geskiedenis hom soseer herhaal dat jy amper vooruit kan sê wat in 'n gegewe verloop gaan gebeur, en as jy dink dat die Geskiedenis vir bepaalde praktiese situasies van die lewe resepte bied, dan begaan jy 'n groot fout.

'n Mens moet bedink dat, ofskoon daar ontwikkelinge of gebeurtenisse voorkom wat ooreenstemmende eienskappe vertoon, daar in werklikheid geen twee ontwikkelinge of gebeurtenisse is, wat werklik eenders is nie. Dit is dus nie waar om sonder meer te sê dat die Geskiedenis homself herhaal nie. En ook wat betref die uitdrukking dat die Geskiedenis die leermeesteres van die lewe is, moet ons baie versigtig wees. As dit so is dat die Geskiedenis homself in werklikheid nie herhaal nie, dan moet ons oppas om nie so gou praktiese lesse te wil haal uit gebeurtenisse van die verlede as die betreffende gebeurtenisse van die hede tog nie presies daarmee ooreenstem nie. Trouens die bekende vroeg-negentiende eeuse Duitse wysgeer en geskiedkundige, Hegel, het die spitsvondige, dog prikkelende, opmerking gemaak: „Ons leer

5/............

uit die Geskiedenis dat ons nie uit die Geskiedenis leer nie!"

Ek maan tot versigtigheid omdat ek maar net wil sê dat ons nie moet meen dat die Geskiedenis ons tot 'n voorspelling van die toekoms kan bring, of 'n opslagplek van praktiese resepte vir die lewe kan wees nie. Die Geskiedenis het nou eenmaal met die verlede te doen, en nie met die profesieë nie; dit is nou eenmaal 'n gebied van geestesaktiwiteit en nie 'n ambagsman se werkswinkel nie.

Dit neem egter nie weg dat die Geskiedenis ons vir tal van situasies in die staat, onderwys, kerk, en selfs in ons persoonlike lewe, wel die onmisbare agtergrond gee nie. Vandaar dat dit bv. gebruiklik geword het om in wetenskaplike werke, selfs op vakgebiede ver verwyderd van die Geskiedenis, soos die Wiskunde, die Musiek, die Sielkunde, die Sterrekunde en selfs die Kernkrag, met 'n historiese oorsig te begin.

Die Geskiedenis is by uitstek die vak wat ons die geleentheid bied om die oorsake van groot gebeurtenisse na te gaan, en dan ook weer die gevolge daarvan vas te stel. Dit is die vak wat ons bring by 'n studie van die kousale verband tussen gebeures van die verlede, en tot 'n verskerping van ons kritiese vermoë om die belangrike van die onbenullige te skei, om die egte teenoor die valse te identifiseer en om die saaklike van die onsaaklike los te maak. Dit help in die skoling van die gees van die man wat geroepe is om verantwoordelikheid te dra. Daarom is dit dat, soos ek self ervaar het, bv. 'n jong man, wat hom vir die sakelewe bekwaam, ook drie jaar Geskiedenis bestudeer; dat die hoof van 'n groot fabriek onomwonde verklaar dat hy nie sou geweet het hoe hy in sy werk sou gevaar het as hy nie reeds vroeg in sy lewe ernstig oor die Geskiedenis gelees het nie; en dat 'n bekende joernalis sy werk vir 'n jaar laat staan om gelyktydig die eerste, tweede en derdejaar universiteitskursusse in die Geskiedenis bloot vir eie oriëntering te volg.

Dit alles is waar wanneer ons met 'n koue, suiwer intellektuele benadering van probleme te doen het, maar dit is ewe waar wanneer ons met die meer intieme dinge van die gevoel te doen kry. Ek vind bv. dat insig in en begrip van die worstelstryd van my volk in die verlede van my 'n sterker, meer koersvaste Afrikaner maak; dat 'n studie van die ontstaan van my taal my beter laat begryp watter kosbare kultuurbesit ek in my moedertaal het; en dat begrip van die behoud en verspreiding van die Christendom te midde van 'n oseaan van ongeloof en barbarisme in Afrika my met meer waardering en oortuiging in die kring van my Kerk laat staan.

Ons kan alles saamvat in die één stelling: dat 'n studie van die Geskiedenis vir ons 'n oriëntering moontlik maak, 'n historiese oriëntering, wat help om vir ons perspektief te gee, wat help om vir ons te wys waar ons staan, en wat 'n groot bydrae lewer om ons in staat te stel om op weloorwoë wyse ons koers vir die toekoms in te slaan. Daarvoor is geen geheime of diepsinnige metodiek of interpretasie van ons vak nodig nie; ons kan dit maar dood eenvoudig sien, soos Leopold von Ranke, prins van die negentiende eeuse Duitse historici. Toe hy moes antwoord op die vraag wat die groot doelstelling van die geskiedskrywing is, het hy hom in byna kinderlike woorde uitgedruk: „Om te sê hoe alles gewees is".

As ons die voorgaande in gedagte hou, kan ons nie anders as om sekere omstandighede in die groot wêreld daarbuite, en ook in ons eie land, vandag met ontstemming gade te slaan nie. Wat die groot wêreld om ons heen aangaan, vind ons dat daar by baie nie meer respek vir die erkende waardes van die histories Christelike Weste bestaan nie, 'n verskynsel wat in hoë mate verklaar kan word uit die feit dat ernstige belangstelling in die verlede van daardie waardes tot 'n minimum gedaal het. Soseer het mense hulle al van die grondslae van hulle verlede losgemaak dat 'n Franse geleerde nog onlangs kon sê dat ons vandag 'n „onhistoriese" tyd beleef. Terloops, soiets is natuurlik nie letterlik waar nie, maar ons weet goed wat met die

7/..........

opmerking bedoel word.

Dit is egter van meer wesenlike belang om op ons eie land te let. Ek dink ons is vandag besig om onsself groot skade te berokken, en as daar nie 'n radikale verandering kom nie, sal ons op 'n ramp afstuur. Die Geskiedenis, as 'n vakstudie in ons skole, het op die agtergrond gekom. Dit is nie nodig om statistieke aan te haal nie, want dit is reeds oor en oor gedoen (o.a. deur dr. Van Tonder self), en hierdie feit is vandag reeds oor-bekend. In die hoër klasse van ons skole is die Geskiedenis geen verpligte vak nie, en dit is juis hier waar die persentasie van die leerlinge wat die vak neem, skrikwekkend laag is. Geskiedenis word grotendeels deur 'n onbuigsame eksamenstelsel oorheers, wat die vak nóg vir leerling nóg vir leerkrag 'n plesier maak.

Ek sou graag wou sien - en ek het dit al by 'n vorige geleentheid gesê - dat Geskiedenis in ons skole 'n verpligte vak vir alle leerlinge sal wees, veral vir leerlinge in die nuwe senior sekondêre skoolfase. Want dit is by uitstek ons gevorderde leerlinge wat die vak nodig het, ter wille van hulleself en ter wille van die land waarin hulle woon en die volk waartoe hulle behoort. Die besware ken ek goed: daar is baie vakke wat aangebied moet word en roosters word te vol; daar is nie leerkragte genoeg nie; en op baie skole, veral kleiner hoër skole, is die getal leerlinge te klein om vir 'n groot verskeidenheid van vakke voorsiening te maak. Dit is wesenlike moeilikhede, en ek het self ook al heelwat daarmee te doen gehad. Maar dit het tyd geword dat almal wat met hierdie saak te doen het, ernstig sal besin om 'n oplossing te soek wat die Geskiedenis as vak veel meer tot sy reg sal laat kom.

Dit het eweseer tyd geword dat ons die huidige eksamenstelsel, minstens wat Geskiedenis betref, radikaal hersien. Ons kan nie meer daarmee genoeë neem dat leerlinge met feite en nogmaals feite gevoer word, en dat daarna vrywel net die memoriseer-vermoë getoets word nie. Ons moet

noodwendig veel meer ruimte vind vir intelligente begrip, en ook veel meer krediet daarvoor gee. Hier het ons met 'n noodsaaklike vereiste vir die toekoms te doen, en dit moet voorop gaan, anders kan Geskiedenis, as dit met die huidige eksamenstelsel 'n verpligte vak moet word, by baie dalk net nog meer wrewel veroorsaak.

Hoe dit sy, ons kan nie aangaan soos tans, en dan hoop om op die duur by ons mense 'n gesonde historiese oriëntering te hê en te behou nie. Hulle vermoë hiertoe moet hoe langer hoe meer skade ly, en ons mag met verloop van tyd 'n punt bereik waar die toestand hom op ons sal wreek.

Dit is wel so dat manne aan ons universiteite vandag belangrike geskiedkundige navorsingswerk doen, en dat daar sterk departemente van Geskiedenis bestaan. Maar ook hier het, relatief gesproke, die belangstelling in die Geskiedenis afgeneem, grotendeels omdat so baie ander vakgebiede na vore gekom het. Bowendien is die totaal van jongmense aan die universiteite kleiner as dié aan die skole, en is die skole die grondslag waarop die universiteite bou, sodat die onderhawige probleem in die eerste plaas by die skole aangepak moet word.

Ek pleit daarvoor dat die belangrikheid van 'n vermoë tot gesonde historiese oriëntering vir ons volk, en inderdaad vir alle Suid-Afrikaners, raakgesien sal word, en dat onvermoeid getrag sal word om hierdie vermoë te versterk. Geen volk, en geen indiwidu van betekenis vir sy samelewing, kan bekostig om hiersonder klaar te kom nie. Hy wat dit probeer, moet noodwendig vergissinge begaan; hoe belangriker sy posisie en hoe gewigtiger sy besluite, hoe noodlottiger sal sy vergissinge wees.

Ek moet eindig. Laat my ten slotte daarop wys dat daar in tydsverloop, en dus ook in die Geskiedenis, geen onderbreking is nie. Ons mag <u>termini</u> vasstel, sekere datums of jaartalle waarby ons periodes laat begin en laat eindig, en ons mag dan die gevoel hê dat daar onderbrekings tussen die periodes lê. Maar in werklikheid is daar geen onderbreking nie: die

een gebeurtenis vloei uit 'n ander voort, die een verloop uit 'n ander. Ons moet die Geskiedenis as 'n deurlopende proses sien, 'n dinamiese proses waarin alles groei en leef, waarin niks stilstaan en dood is nie.

In 'n periode van die verlede sien ons 'n projeksie van wat vooraf gegaan het; in die hede sien ons 'n projeksie van die verlede; en in die toekoms sal ons 'n projeksie van die hede sien. Daar is geen onderbreking nie, en hy wat deur 'n gebrek aan oriëntering 'n onderbreking aanbring, sal die boete betaal. As dit hom alleen geld, kan 'n mens dit afmaak met die opmerking: Dit is sy verdiende loon; maar as dit sy land en sy volk geld, word die saak veel ernstiger. Dan word sy dwaling deel van 'n groter historiese verloop, en in die proses kan, veral as hy 'n maghebbende regeringspersoon is, onherroeplike skade gedoen word, en onnoemlike leed aan tal van onskuldiges wat dit bespaar kon gewees het.

Historiese oriëntering is vir ons 'n lewensnoodsaaklikheid; laat ons nie in gebreke bly om dit te besef en op praktiese wyse uit te leef nie. Daarmee kan ons die geluk van die indiwidu verhoog, en inderdaad die geluk van almal saam wat Suid-Afrika as hulle tuiste het.

* * * * * * * * *